Afkortings

Moet verkieslik nie afkortings in jou opstelle gebruik nie.

'n Sin begin nie met 'n afkorting nie, behalwe as 'n titel, bv. *Mnr. Naudé* ...

Afkortings wat uit kleinletters bestaan, kry punte, bv. *n.a.v.* (na aanleiding van), *ens.* (ensovoorts).

Afkortings wat net uit hoofletters bestaan hoef nie punte te kry nie, maar jy mag wel punte gebruik as jy dit sou verkies, bv. *VSA* of *V.S.A.* (Verenigde State van Amerika) en *DBV* of *D.B.V.* (Dierebeskermingsvereniging).

Akronieme ('n afkorting wat soos 'n woord uitgespreek word) kry geen punte nie, bv. *VIGS* of *vigs* (verworwe immuniteitsgebreksindroom) en *PIN* (persoonlike identiteitsnommer).

Die dae van die week word altyd afgekort met die eerste twee letters van die naam van die dag, bv. *So.* (Sondag) of *Ma.* (Maandag).

Die maande van die jaar word afgekort met die eerste drie letters van die naam van die maand, bv. *Jan.* (Januarie), *Feb.* (Februarie), *Nov.* (November). Die enigste uitsondering is *Mrt.* vir Maart.

Maak seker jy ken die volgende afkortings en akronieme. Hulle word dikwels gebruik.

(vul hulle ook aan sodra jy nuwes byleer!)

a.g.v.	as gevolg van
AA	Alkoholiste Anoniem
ABC	alfabet
adv.	advokaat
afd.	afdeling
Afr.	Afrikaans
Angl.	anglisisme / anglisisties(e)
antw.	antwoord
Apr.	April
ASA	Atletiek Suid-Afrika
asb.	asseblief
ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
Aug.	Augustus

C	Celsius
c	sent
cm	sentimeter
CV	curriculum vitae

B.A.	Baccalaureus Artium
.nw.	byvoeglike naamwoord
b.o.	blaai om / bed en ontbyt
BBP	bruto binnelandse produk / baie belangrike persoon
bet.	betekenis
bg.	bogenoemde
bl.	bladsy
bpk.	beperk
BTW	belasting op toegevoegde waarde
bv.	byvoorbeeld

d.i.	dit is
d.m.v.	deur middel van
d.w.s.	dit wil sê
DBV of D.B.V.	Dierebeskermingsvereniging
def.	definisie
dep.	deposito
dept.	departement
dr.	dokter
ds.	dominee
dt.	debiet / debiteer

e.	eetlepel
e.a.	en andere
Edms.	eiendoms
eg.	eersgenoemde
ens.	ensovoorts
e-pos	elektroniese pos
ESKOM	Elektrisiteitsvoorsieningskommissie

F	Fahrenheit
Faks	faksimilee
FIFA	Internasionale Voetbalfederasie
fig.	figuur; figuurlik(e)
FM	frekwensiemodulasie

g	gram
GB	Groot-Brittanje
genl.	generaal
gesk.	geskiedenis
get.	geteken / getuie
gr.	graad

LBS	lopende betaalstelsel
LW	Let Wel of Let wel

h.v. / h/v	hoek van
ha	hektaar
HAT	Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
hfst.	hoofstuk
HJS	Hoër Jongenskool
HMS	Hoër Meisieskool
j	jaar
JSE	Johannesburgse Aandelebeurs

i.g.k.	*ingeboude kaste*
i.p.v.	*in plaas van*
i.s.	*in sake*
i.v.m.	*in verband met*
ID	*identiteitsdokument*
IK	*intelligensiekwosiënt*
inf.	*infinitief*
ing. / ir.	*ingenieur*
IOK	*Internasionale Olimpiese Komitee*
IRR	*Internasionale Rugbyraad*
IT	*inligtingstegnologie*

m	meter
m.	miljoen
m.a.w.	met ander woorde
m.b.t.	met betrekking tot
m.i.	myns insiens
maks.	maksimum
me.	Titel vir ‘n vrou, vroue (getroud of ongetroud)

k.b.a.	kontant by aflewering
kapt.	kaptein
kg	kilogram
kJ	kilojoule
KKNK	Klein Karoo Nasionale Kunstefees
km	kilometer
km/h	kilometer per uur
kom.	komitee
kr.	krediteer
KWV	Koöperatiewe Wynbouersvereniging

mej.	mejuffrou
mev.	mevrou
mnr.	meneer
mv.	meervoud

n.a.v.	na aanleiding van
n.C.	na Christus
n.v.t.	nie van toepassing
NB	nota bene (baie belangrik)
nl.	naamlik
nm.	namiddag
no. / nr.	nommer

o.a. onder andere
o.l.v. onder leiding van
OTM outomatiese tellermasjien

p.a. per adres
p.j. per jaar
p.p. per persoon
PANSAT / Pansat Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
par. paragraaf
PIN persoonlike identifikasienommer
Pk. poskantoor
pk. perdekrag
prof. professor

R rand
RAU Randse Afrikaanse Universiteit
red. redakteur
RIP Requiscat in pace (L.)
(rus in vrede)
RSA Republiek van Suid-Afrika
RSVP Répondez s'il vous plaît
(antwoord asseblief)

s.nw. selfstandige naamwoord
SA Suid-Afrika
SAID Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SAPA Suid-Afrikaanse Persassosiasie
SARB Suid-Afrikaanse Reserwebank
SARVU / Sarvu Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie
SASOL Suid-Afrikaanse Steenkool- Olie en Gaskorporasie
sg. sogenaamde
SMS kortboodskapdiens
St. Sint

V volt
v.C. voor Christus
vgl. vergelyk
VIGS verworwe immuniteitsgebreksindroom
VK Verenigde Koninkryk
vlg. volgende
vm. voormiddag
VN Verenigde Nasies
vnw. voornaamwoord
vs. voorsetsel
VSA Verenigde State van Amerika

UGO uitkomsgebaseerde onderwys
UK Universiteit van Kaapstad
UNISA Universiteit van Suid-Afrika
UPE Universiteit van Port-Elizabeth
US Universiteit van Stellenbosch
UWK Universiteit van Wes-Kaapland

W watt
WAT Woordeboek van die Afrikaanse Taal
WB Wêreldbeker
wdb. woordeboek
WKOD Wes-Kaapse Onderwysdepartement
ww. werkwoord
WWF Wêreld-Natuurfonds (Worldwide Fund for Nature)
WWW Wêreldwye Web of wêreldwye web

t. teelepel
t.o.v. ten opsigte van
t.s.v. ten spyte van
TV televisie